higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PERSONEELBESTUUR N4

(4110424)

25 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou
Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PERSONEELBESTUUR N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.

2. Beantwoord enige VIER vrae in AFDELING B.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Wetenskaplike waarneming en ontleding van alle prosesse in die werkplek	A	belonings
		B	konflik
1.1.2	Doel is om 'n organisasie se doeltreffendheid te verbeter deur houdings, persepsies, gedrag en verwagtings te verander	C	induksie
		D	posspesifikasie
		E	organisasie-ontwikkeling
1.1.3	Botsings tussen individue of groepe		
1.1.4	Sorg dat die regte werknemers poste beklee en voorkom dat die organisasie te veel of te min werknemers het	F	MH-beplanning
		G	werkstudie
1.1.5	Breë riglyne waarvolgens die bestuurders en werkers van 'n onderneming besluite neem	H	posverwisseling
		I	posontleding
1.1.6	Faktor wat die organisasiekultuur beïnvloed	J	beleid
		K	posbeskrywing
1.1.7	Werknemers beklee verskillende poste op verskillende tye sodat hulle weet wat die verskeie poste behels	L	werwing
1.1.8	Maatskappy word aan nuwe werknemers bekendgestel deur hulle rond te wys en in te lig van wat hulle poste behels		
1.1.9	Geskikte mense word gelok om vir vakatures in die organisasie aansoek te doen, en werkonderhoude word met hulle gevoer		
1.1.10	Lys van die kennis, vaardighede en opleiding waaroor iemand moet beskik om 'n bepaalde pos te beklee		

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Missieverklaring gee 'n geheelbeeld van wat 'n maatskappy doen en hoekom 'n maatskappy dit doen.

1.2.2 'n Groot spanwydte van beheer beteken dat taamlik min ondergeskiktes aan bestuurders rapporteer.

1.2.3 Gesag beteken die mag en regte wat 'n organisasie aan 'n werknemer oordra om sekere dinge te doen.

1.2.4 Keuring en personeelvoorsiening beteken dat gekyk word of nuwe werknemers maklik in hulle poste aanpas.

1.2.5 Om werknemers op te lei beteken om hulle liggaamsoefeninge te laat doen.

1.2.6 Die verhouding tussen die inset en die uitset het betrekking op produktiwiteit.

1.2.7 As werknemers werk doen wat geen uitdaging aan hulle stel nie, kry hulle nie veel werksbevrediging daaruit nie.

1.2.8 'n Prosesontleding vorm deel van 'n metodestudie.

1.2.9 Ramings of skattings word gebruik om werkmeting te doen.

1.2.10 Om na te gaan watter invloed regsbeleide op die indiensnemingsbesluite van 'n organisasie het, is 'n mensehulpbronstrategie.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige VIER vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Demitri Kiewiets het die fabrieksmaatskappy Creative Minds in Julie 2003 gestig. Die maatskappy span die kreatiwiteit van jongmense in om denims te vervaardig.

Demitri en 'n goeie bestuurspan bestuur die maatskappy. Die bestuurspan bestaan uit 'n mensehulpbronbestuurder, 'n finansiële bestuurder, 'n produksiebestuurder, 'n bemarkingsbestuurder en 'n verkoopsbestuurder. 'n Toesighouer en werknemers op die heel laagste vlak rapporteer direk aan elke bestuurder.

2.1.1 Verduidelik aan Demitri wat 'n *organisasiestruktuur* is. (2)

2.1.2 Demitri wil die rapporteerlyne aan alle werknemers verduidelik.

Teken 'n organisasiestruktuur van Creative Minds wat Demitri in sy aanbieding kan gebruik. (13)

2.1.3 Is die organisasiestruktuur 'n lyn- of personeelstruktuur? Staaf jou antwoord. (1 + 2) (3)

2.1.4 Noem VIER soorte mag waarmee bestuurders werknemers kan beïnvloed. (4)

2.2 Creative Minds se werknemers moet heel produktief wees sodat die organisasie sy teikens bereik.

2.2.1 Noem aan die bestuur VYF redes waarom produktiwiteit besig is om te daal. (5 × 2) (10)

2.2.2 Noem VIER kriteria waarvolgens Creative Minds sy sukses kan bepaal of sy produktiwiteit kan verseker. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 Mensehulpbronbeplanning sorg dat mense met die regte vaardighede in poste aangestel word.

3.1.1 Noem aan die bestuurders van Creative Minds VYF redes waarom mensehulpbronbeplanning noodsaaklik is. (5 × 2) (10)

3.1.2 Noem SES interne of eksterne faktore wat 'n invloed op die mensehulpbronbeplanning van Creative Minds kan hê. (6)

3.2 3.2.1 Noem VIER bestuurstake wat Creative Minds se bestuurders moet verrig. (4)

3.2.2 Definieer die *delegering van gesag* as 'n ekstra bestuurstaak. (2)

3.2.3 Noem die DRIE pilare waarop die delegering van gesag berus. (3)

3.2.4 Noem VYF struikelblokke wat suksesvolle delegering belemmer. (5)

3.3 Noem VYF doelstellings van werkmeting. (5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik aan die bestuur van Creative Minds wat 'n posbeskrywing is. (2)

4.2 Noem VYF brokkies inligting wat in enige posbeskrywing moet staan. (5 × 2) (10)

4.3 Die bestuurder besluit om iemand aan te stel wat vir vaardigheidsontwikkeling verantwoordelik sal wees.

Wat sal die postitel van hierdie persoon wees? (2)

4.4 Noem DRIE oogmerke van opleiding. (3)

4.5 Groepe bepaal of 'n organisasie suksesvol sal wees of nie.

Beskryf enige VIER kenmerkende van 'n doeltreffende groep. (4 × 2) (8)

4.6 Definieer *opvolgbeplanning*. (2)

4.7 Noem die VYF stappe van effektiewe opvolgbeplanning. (5 × 2) (10)

4.8 Noem DRIE oogmerke van 'n MH-oudit. (3)
[40]

VRAAG 5

5.1 Verandering is goed vir 'n organisasie.

5.1.1 Verduidelik aan die bestuur van Creative Minds wat organisasieverandering beteken. (2)

5.1.2 Noem SES redes waarom mense teen verandering gekant is. (6)

5.2 Noem enige SEWE doelwitte van 'n MH-departement. (7 × 2) (14)

Kopiereg voorbehou

5.3	Noem EEN taak van 'n MH-bestuurder.		(1)
5.4	Definieer die term *posontleding* in jou eie woorde.		(1)
5.5	Bespreek die stappe van 'n posontleding in 'n logiese volgorde.	(7 × 2)	(14)
5.6	Noem enige TWEE dinge waarin 'n posontleding gebruik word.		(2)
			[40]

VRAAG 6

6.1	Noem en verduidelik enige VIER werkmetingstegnieke.	(4 × 2)	(8)
6.2	Noem die VYF stappe van 'n werkmetingsprosedure.	(5 × 2)	(10)
6.3	Noem AGT faktore watl die kultuur van 'n organisasie bepaal.		(8)
6.4	Noem VIER kategorieë waarin die aktiwiteite van 'n MH-departement verdeel kan word.		(4)
6.5	Noem die VYF stappe in mensehulpbronbeplanning.	(5 × 2)	(10)
			[40]

TOTAAL AFDELING B:	**160**
GROOTTOTAAL:	**200**

Kopiereg voorbehou